



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**2015**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.  

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloiediagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.
7. Beplan jou tyd só:  

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL****VRAAG 1**

- Skryf 'n **opstel** van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

- 1.1 Hy/Sy het my weer laat dink. [50]
- 1.2 'n Dag om te onthou! [50]
- 1.3 'n Lewe sonder reëls ... [50]
- 1.4 'n Matrieksertifikaat maak deure oop. [50]
- 1.5 Is popsterre goeie rolmodelle? [50]
- 1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daarvoor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



[Uit [www.google.com](http://www.google.com)]

[50]

1.6.2



[Uit [www.google.com](http://www.google.com)]

[50]

1.6.3



[Uit [www.google.com](http://www.google.com)]

[50]


**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daarvoor.
- Skryf die nommer van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**2.1 FORMELE BRIEF**

Vuurwerke vorm dikwels deel van feesdae. Party mense geniet hierdie vuurwerke, terwyl ander nie daarvan hou nie.



[Uit [www.google.com](http://www.google.com)]

Skryf 'n **formele brief** aan die redakteur van die plaaslike koerant waarin jy jou opinie hieroor gee. Rig jou brief aan:

Die Redakteur  
Beeld  
Posbus 124  
Johannesburg  
2000

[30]

**2.2 HULDEBLYK**

'n Onderwyseres wat lank gelede vir jou Afrikaans geleer het, is oorlede. Jy is gevra om tydens 'n saalbyeenkoms 'n huldeblyk te lewer.

Skryf 'n **huldeblyk** oor die onderwyseres.

[30]

**2.3 INFORMELE VERSLAG**

Die bestuurder by jou werkplek het 'n prettdag vol aktiwiteite vir die werkers gereël sodat almal beter met mekaar kan saamwerk.

Skryf 'n **informele verslag** om werkers wat nie die prettdag kon bywoon nie, te vertel hoe die dag verloop het. Vertel wat julle gedoen het en hoe suksesvol die dag was.

[30]

**2.4 DIALOOG**

Jou ouer suster is bekommerd oor jou vriendskap met 'n nuwe maat en gesels met jou daaroor.

Skryf die **dialoog** tussen jou en jou suster neer.

**[30]****TOTAAL AFDELING B: 30****AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**3.1 ADVERTENSIE**

Jy wil alle onnodige artikels in jou huis verkoop.

Ontwerp 'n **advertensie** wat teen lamppale in jou woonbuurt geplak sal word om die verkoping te adverteer.

**[20]****3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het 'n afspraak met iemand van wie jy baie hou.

Maak **dagboekinskrywings** vir TWEE dae soos volg:

- VOOR die afspraak
- NA die afspraak

**[20]****3.3 INSTRUKSIES**

Jou maat het by jou kom aandete eet en baie van die frikkadelle gehou. Hy/Sy het jou gevra om presies neer te skryf hoe jy dit gemaak het.

Skryf SEWE **instruksies** neer oor hoe om die frikkadelle voor te berei.

**[20]****TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL: 100**